goeie. Die godsdiens is nou omvorm van passiewe gehoorsaamheid tot 'n aktiewe religieuse gevoel wat strewe na 'n positiewe ideaal van menslike vryheid in die verwesenliking van die goeie. Die integrasie is nou voldaan en die gevoel van solidariteit is nou nie meer slegs 'n gevoel van eenheid met die lewe en natuur nie maar eenheid in 'n aktiewe strewe na dieselfde ideaal. Hierdie strewe is individueel van aard en in die godsdienstige ontwikkeling het die individuele ontwikkeling sy hoogste vorm bereik. Dieselfde geld vir die sedelike wat in hierdie ideaal beliggaam word.

Hierdie lang en geleidelike ontwikkeling het dan langs verskillende weë gegaan en verskillende vorme aangeneem, wat ons dan net hier kortliks aanstip: Dit gaan van die emosionele tot die meer redelike; van die minder tot die meer individuele; van passiwiteit tot aktiwiteit; van die nasionale of lokaalgebonde tot die universele; van natuurgebondenheid tot verheffing bo die natuur; van vaer tot duideliker en meer verhewe begrippe en ideale; van mindere tot meerdere beheersing; en ten laaste, wat feitlik alles insluit, van gebondenheid tot vryheid.

Die progressiewe selfbevryding in godsdienstige sin is dan die losmaking van die mens van die gebondenheid aan die natuur tot die vryheid van selfbepaling in die realisering van die hoogste sedelike ideaal. Hy word hiertoe in staat gestel deur sy simboolskeppende en simboolvormende vermoë. In sy funksie as simboolskepper het die mens telkens ander en hoër simbole geskep - simbole wat meer verteenwoordigend van die werklikheid is en wat baie duidelik die ontwikkeling van 'n "world of being" na "a world of meaning" aantoon.

HOOFSTUK 6.. TAAL

1. Inleiding. In die eerste ses hoofstukke van sy boek het Cassirer probeer om te antwoord op die vraag wat die mens is. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die mens 'n animal symbolicum is en dat die verskillende menslike aktiwiteite in die lig gesien moet word. Waar taal dan 'n baie tipies menslike aktiwiteit is, 'n aktiwiteit waarin hy hom van die dier onderskei, moet taal dan verklaar word volgens die funksie van die mens as simboolskepper. Hy probeer in hierdie hoofstukke verduidelik dat die wese van taal simbool is. In die eerste drie hoofstukke van hierdie betoog het ons dit dan ook probeer aantoon.

In die hoofstuk oor taal gee Cassirer meer aandag aan die probleem van die oorsprong en ontwikkeling van taal en later aan die struktuur van taal. Hy ondersoek verskillende verklarings, om daarna tot sy eie beskouing te kom.

2. Die oorsprong van taal (die histories-genetiese benadering).

a. Mitologiese verklaring: Cassirer beweer dat taal en mite nou verwant is. Hy sê dat hulle in die vroeër stadia van die menslike kultuur so nou saamgeweef is dat hulle nouliks geskei kan word. Aanvanklik staan die twee in 'n onbreekbare korrelasie met mekaar en van hieruit ontplooi hulle geleidelik as onafhanklike elemente. "They are two diverse shoots from the same parent stem, the same impulse of symbolic formulation,

36./ springing from ........

springing from the same basic mental activity, a concentration and heightening of simple sensory experience. In the vocables of speech and in primitive mythic figurations, the same inner process finds its consummation; they are both resolutions of an inner tension, the representations of subjective impulses and excitations in definite objects, forms and figures."[1]

Ten spyte van hierdie oorspronklike verwantskap, kan die een tog nie dien as 'n verklaring van die ander nie. Daarom is die beskouing van Max Müller dat mite sy oorsprong vind in die veelsinnigheid van taal en dat mite 'n siekte van die menslike gees is, onaanneemlik. Om 'n fundamenteel menslike aktiwiteit soos die miteskepping as 'n afwyking te aanvaar, as 'n onding, is seker geen bevredigende verklaring nie. Vir die primitiewe mens, sê Cassirer, is mite en taal tweelingbroers. Nog voordat die kind kan praat het hy reeds uitgevind dat hy deur middel van sekere doelgerigte geluide soos huil, skree, ens. sy sosiale omgewing kan beheers. Deur hierdie geluide verkry hy die nodige aandag. Analoog hiermee het die primitiewe mens hierdie eerste elementêre sosiale ervaring op die totaliteit van die natuur oorgedra want vir hom is die natuur en die gemeenskap maar een solidêre geheel. As hy maar net die regte woord kon kry, kan hy ook hierdie geheel beheers. Die woord het vir hom 'n natuurlike, ja selfs bonatuurlike mag, waarmee hy die dreigende gevare wat hom omring die hoof kan bied. "The original bond between the linguistic and the mythico-religious consciousness is primarily expressed in the fact that all verbal structures appear as also mythical entities, endowed with certain mythical powers, that the Word, in fact, becomes a sort of primary force, in which all being and doing originate."[2] Toe die mens egter tot die besef kom dat sy vertroue in die woord tevergeefs was, "that nature was inexorable not because it was reluctant to fulfil his demands but because it did not understand its language .."[3], was dit vir hom 'n groot skok. Hier kom hy te staan voor 'n nuwe probleem, wat die keerpunt aandui in sy intellektuele en sedelike lewe. Die verhouding tussen hom en die werklikheid deur middel van taal, is nie langer 'n magiese nie want die woord is vir hom nie meer bedeel met geheimsinnige magte nie, wat dinge kan verander en selfs demone en gode kan beheer. Tog het die woord nie magteloos en sonder sin geword nie. Sy kenmerkende eienskap is nie meer sy fisiese aard nie (geluid) maar sy logiese aard; die magiese funksie van die woord word verdring en vervang deur sy semantiese funksie. Die Logos word die prinsipe van die universum en van menslike kenne.

Soos Cassirer in sy vorige hoofstukke aangetoon het, het ons hier te doen met wat hy "emergent evolution" noem. Taal kan dan volgens hom nie uit mite ontwikkel nie, alhoewel hulle dieselfde oorsprong het naamlik die geloof van die primitiewe mens in die solidariteit van die mens gemeenskap en natuur.

b. Metafisiese verklaring: Dit is op hierdie semantiese funksie van die woord wat die metafisiese verklaring sy beskouing baseer. Hulle, die voorstanders van die metafisiese verklaring, wou die probleem oplos hoedat 'n woord betekenis kan hê of, anders gestel, hoedat dit 'n draer van

37./ kennis kan ........

1. Cassirer: L.a.M., 88
2. Ibid, 44
3. E.o.M., 110.

kennis kan wees.

Om hierdie probleem op te los gaan verskillende denkers en denkrigtings van dieselfde veronderstelling uit naamlik dat, tensy daar 'n identiteit tussen die kennende subjek en die werklikheid wat geken word is, kennisfeite onverklaarbaar sou wees. Oor wat hierdie band is, is daar verskillende opvattings. Daar is 'n verband tussen die logos in die mens en die Logos in die kosmos, was Heraklitus se opvatting. Vir Parmenides is die band tussen syn en denke, want hulle is identies. Empedokles beweer dat die mikrokosmos (die mens) 'n presiese teëbeeld van die makrokosmos is en daarom is kennis van die laasgenoemde vir die eersgenoemde moontlik. Uitgaande van hierdie algemene veronderstelling van identiteit, word hierdie kennis (meaning) van die werklikheid (being) vir die mens gedra deur die woord. 'n Woord het alleen dán betekenis wanneer dit iets aandui en dit kan hierdie ding nie aandui as daar nie minstens 'n gedeeltelike identiteit is tussen die woord en die ding wat dit aandui nie. Hierdie band moet ook natuurlik en nie konvensioneel wees nie. Sonder so 'n natuurlike verband kan die woord nie sy funksie vervul nie en het dit geen betekenis nie.

Dergelike kenteoretiese veronderstelling gee aanleiding tot die onomatopeïese (klanknabootsende) teorie, want dit lyk asof dit die enigste beskouing is wat so 'n natuurlike verband kan aandui. Tot watter absurditeite so 'n verklaring van die onstaan van taal kan lei het Plato alreeds aangetoon, want, sê hy, hoe kan die verband natuurlik wees as die woord gedurig verander en die ding dieselfde bly? Hierop kan geantwoord word dat, alhoewel dit lyk asof woorde geen ooreenkoms toon tussen die klanke en die objek wat dit aandui nie, moet rekening gehou word met verandering. Al wat dan nodig sou wees, is om die oorsprong van die woord na te gaan om weer die oorspronklike natuurlike verband te vind. As sodanig is die etimologie dan van wesensbelang vir die verklaring van taal. Nietemin kan, volgens Cassirer, hierdie metafisiese beskouing van taal nie die probleem oplos nie, want dit neem nie al die kenmerkende eienskappe van taal in ag nie; dit verloor die funksionele aspek van taal uit die oog en wil taal substansieel verklaar.

c. Die pragmatiese verklaring: Waar vir Heraklitus die woord, die Logos, 'n universele metafisiese beginsel met algemene geldigheid was, het die Sofiste nie die mag van die 'goddelike woord' erken nie. In 'n taalbeskouing volgens hulle, is dit nie die metafisika wat die deurslag moet gee nie, maar die antropologie omdat die mens in die middelpunt van die univers staan. Die mens is die maatstaf van alle dinge en daarom moet taal ondersoek en verklaar word in die funksie wat dit dien in die maatskaplike en politieke wêreld. Die band tussen taal en die wêreld is dus nie natuurlik nie maar konvensioneel en kunsmatig. Die verandering wat taal ondergaan is dus geen probleem nie maar die natuurlike resultaat van 'n strewe tot 'n doeltreffender fungering. Vir die pragmatiese beskouing is dit dus van wesensbelang dat taal reg gebruik moet word en, meer nog, gedurig verbeter word. Taalprobleme en grammatika word gesien

38./ in die lig .....

in die lig van die praktiese gebruik van die mensetaal.

Omdat die Sofiste taal gebruik as wapen in hulle politieke en kulturele stryd is die hoofsaak vir hulle die retorika en nie die grammatika en die etimologie nie. Hulle aanvaar die beginsel dat "Names are not intended to express the nature of things. They have no objective correlates. Their real task is not to describe things but to arouse human emotions; not to convey mere ideas or thoughts but to prompt men to certain actions."[1]

Nie een van hierdie drie bogaande beskouings dek die hele veld nie, want dit veronagsaam een van die mees uitstaande en elementêre kenmerke van taal. Die vroegste menslike uitinge verwys nie na fisiese dinge nie en is ook nie arbitrêre tekens nie. Hulle is onwillekeurige gevoelsuitdrukkings en tussenwerpsels en uitroepe. Hulle is natuurlik en aangebore en het geen betrekking op eksterne dinge nie.

d. Die biologiese verklaring: Dit is op hierdie laasgenoemde kenmerk wat die biologiese beskouing sy verklaring oor die ontstaan van taal grond. Onder die Griekse denkers was dit Demokritus wat tot die gevolgtrekking gekom het dat taal sy oorsprong vind in die geluide van emosionele aard. Hierdie beskouing word uitgebou deur Epicurus en Lucretius; selfs in die agtiende eeu vind on voorstanders hiervan (Vico en Rousseau).

Van wetenskaplike oogpunt beskou het hierdie beskouing die groot voordeel dat dit gebaseer is op waarneembare feite en nie op spekulasie alleen nie. Volgens die voorstanders van die biologiese verklaring kan menslike taal herlei word na 'n fundamentele instink eie aan alle lewende wesens, want uitroepe van vrees, woede, pyn of vreugde tref ons ooral in die diereryk aan. As taal dan na hierdie biologiese verskynsel herlei word, word semantiek maar net 'n vertakking van die biologie en fisiologie of, anders gestel, stellende taal (propositional language) word tot emosionele taal herlei.

Die verband tussen taal en hierdie emosionele uitinge moes egter nog gevind word in een of ander universele beginsel. So 'n beginsel word verskaf deur Darwin se ewolusieleer, wat spraak verbind met die biologiese uitinge hierbo genoem. So gesien is taal dan niks meer as 'n algemene, natuurlike aanleg nie.

Volgens Cassirer kom hierdie beskouing voor 'n fundamentele probleem te staan. Hulle gaan uit van die veronderstelling dat daar 'n direkte pad lei van die dierlike uitroepe na die menslike taal. Hierdeur sou hulle wel die feit van die bestaan van die menslike taal kan verklaar, maar geensins die struktuur daarvan nie. 'n Ontleding van die struktuur van taal openbaar 'n radikale verskil tussen die stellende, sinsbouende taal van die mens en die emosionele uitinge van die dier en mens. Geen biologiese teorie, sê Cassirer,het nog ooit daarin geslaag om die logiese en strukturele verskille tussen die twee uit te wis nie, en geen dier het nog ooit die grens tussen die twee oorgesteek nie. Die sogenaamde dieretaal is altyd totaal subjektief en gee uitdrukking aan gevoelstoestande en dui nooit objekte aan of gee 'n beskrywing daarvan nie. Aan die ander kant is daar ook geen historiese bewys dat die mens ooit - selfs nie in die laagste stadia van sy kulturele ontwikkeling - slegs beperk was tot

1. E.o.M., 114.

39./ die emosionele ...

die emosionele taal of die taal van gebare nie. Wat Cassirer hier implisiet stel is dat emosionele taal geen simbool of simboolvormende funksie benodig nie, maar dat dit 'n vereiste vir sinsbouende en stellende taal is. Hierdie voorwaarde sien die biologiese beskouing nie raak nie.

Latere denkers wat probeer om hierdie oorgang te verklaar, slaag ook nie daarin nie. So probeer Otto Jespersen om hierdie oorgang te probeer verklaar deur transformasie. Hy beweer dat sekere menslike geluide, wat aanvanklik niks meer as emosionele uitinge was nie, omgevorm word tot name van persone of gebeure daarby betrokke. Die ontwikkeling word dan voortgesit deur 'n metamorfiese oorplasing van die uitdrukking tot soortgelyke omstandighede. Dit beteken dus, sê Cassirer, dat hulle 'n totaal nuwe taak vervul. Hulle word nou gebruik as simbole wat definitiewe betekenis het, of liewer om sodanige betekenis oor te dra. Volgens Jespersen onstaan taal dan toe " communicativeness took precedence of exclamativeness."[1] Hierdie oorgang word deur Jespersen summier aanvaar en nie verklaar nie. Hier lê vir Cassirer die kruks van die hele saak want dit is hier waar die mens se simboolvormende funksie intree en hy 'n nuwe wêreld skep.

Ook De Laguna kon hierdie gaping nie oorbrug nie. Hy wou dit doen deur sy beskouing dat daar 'n geleidelike objektifikasie is. Dit kan nie want subjektiewe emosionele uitdrukking is radikaal verskillend van taal. Objektivering en sitematisering is wel die taak van taal maar nie 'n verklaring van sy ontstaan nie.

3. Die struktuur van taal.

a. Die oorgang van genetiese tot strukturele benadering: In sy inleidende opmerkings by die deel spreek Cassirer sy kritiek uit oor die beskouing dat taal verklaar kan word deur dit histories te ondersoek. Die denkwyse het uitgegaan van die standpunt dat as die genetiese probleem eers opgelos is, die ander oplossings ook sou volg. Dit is 'n veronagsaming van 'n kenteoretiese beginsel dat daar altyd 'n duidelike afbakening moet wees tussen genetiese en sistematiese probleme. Die twee moet onderskei word en nie na mekaar herlei word nie. Alhoewel taal geen bestaan buite tyd het nie, dit wil sê histories gebonde is, en alhoewel analogiese, fonetiese en semantiese verandering 'n wesenseienskap van taal is, is 'n studie van hierdie fenomena nie voldoende om die algemene funksie van taal te verklaar nie. Die funksionele struktuur van taal kan nie kousaal, geneties of histories opgelos word nie, al is die funksioneel-strukturele (simboliese) analise van taal afhanklik en gebonde aan die historiese data wat ons ontdek.

Verskeie negentiende-eeuse denkers probeer om hierdie twee paaie, naamlik die histories-genetiese en die funksioneel-strukturele (simboliese) te volg in hulle analise van taal. So wil Hermann Paul in die veranderende taal as menslike verskynsel die onveranderlike faktore soek wat, sê hy, deur die sielkunde moet gegee word. Hierteenoor maak Leonard Bloomfield 'n onderskeid tussen die histories-vergelykende en wysgerig-beskrywende metodes en beweer hy dat 'n mens taal wysgerig-beskrywend kan ana-

40./ liseer sonder .........

1. E.o.M., 117.

liseer sonder historiese data.

Dit is vanuit hierdie metodiese beginsel wat Wilhelm von Humbolt die probleem benader. Om die taal wysgerig-analiserend, of anders gestel, funksioneel-struktureel te analiseer is sy eerste stap die klassifisering van die tale van die wêreld en die herleiding daarvan tot fundamentele tipes. Vir hierdie doel maak hy gebruik van baie meer as net historiese data want hy betrek tale waarvoor geen sodanige data beskikbaar is nie. Uit die gevolgtrekkings van sy streng empiriese ondersoek kom hy tot verreikende stellings. Hy verklaar dat dit onmoontlik is om tot die ware insig van die aard en funksie van die taal te kom solank ons taal beskou as enkel 'n versameling van woorde. "A language is not simply a mechanical aggregate of terms. Splitting it up into words or terms means disorganizing and disentigrating it."[1] So 'n beskouing dat taal opgebreek kan word is nadelig indien nie noodlottig, vir enige studie van taalfenomena, te meer omdat taal nie 'n klaargemaakte ding is nie maar 'n voortdurende proses - dit is 'n 'energeia' en nie 'n 'ergon' nie. In hierdie proses van verandering en wording bly daar nog 'n vaste struktuur wat onveranderlik is. Om die rede kan strukturele probleme nie met enkel historiese metodes opgelos word nie. Dit is juis hierdie strukturele probleme wat in Von Humboldt se werke na vore tree.

b. Die vroeëre strukturalisme: Die beskouing van Von Humboldt lui 'n nuwe era in die geskiedenis van die taalfilosofie in. Dit is 'n era waarin die strukturele probleme beklemtoon word en waarin geleerdes dit eenparig beaam dat "descriptive linguistics can never be rendered superfluous by historical linguistics, because the latter must always be based on the description of those stages of the development of language which are directly accesible to us."[2] Net soos in ander vertakkinge van die wetenskap word die positivistiese beginsel vervang deur 'n nuwe beginsel wat die strukturalisme genoem mag word.

Net soos in die holistiese beskouing van die biologie aanvaar word dat die geheel die dele voorafgaan en die Gestaltsielkunde daarop wys dat die geheel iets totaal anders is as die som van die dele, so moet in die studie van taal meer klem gelê word op die struktuur van die taal as op die samestellende dele. Dit wil egter nie sê dat die historiese aspek sy waarde en betekenis verloor het nie. Dit moet liewer, volgens Cassirer, gesê word dat taal navorsing nou 'n elliptiese lyn volg met twee instellingspunte.

Ander geleerdes gaan nog verder en sê dat die verbinding van die historiese en beskrywende metodes metodologies verkeerd is. So sê Ferdinand de Saussure dat historiese grammatika 'n baster-begrip is wat twee disparate elemente bevat wat nie tot 'n eenheid kan saamsmelt nie. Die studie van 'n taal behels eintlik twee aparte wetenskappe. Hy sê verder dat taal as verskynsel universeel is terwyl die proses van taal tydelik en individueel is. Die sinchroniese taalwetenskap het te doen met eersgenoemde naamlik die konstante strukturele verhoudings, terwyl die diachroniese

41./ taalwetenskap ......

1. E.o.M., 120
2. Ibid, 121.

taalwetenskap te doen het met die taalverskynsels wat in die loop van tyd verander en ontwikkel.

Die fundamentele strukturele eenheid van taal word volgens die geleerdes van hierdie era op tweërlei wyse geopenbaar. Ten eerste is daar die formele eenheid wat sig openbaar in 'n sisteem van taalkundige vorme en ten tweede is daar die materiële eenheid wat sig openbaar in 'n sisteem van klanke. Die aard van 'n taal word bepaal deur beide faktore. Die formele of taalkundige aspek word bestudeer so vroeg as circa 300 v.C. terwyl die materiële of fonologiese aspek eers aan die begin van die 19de eeu erkenning verkry. In die tweede helfte van die 19de eeu gaan die "New Grammarians", onder invloed van die tydsgees, sover as om wil te bewys dat die metodes van taalstudie op gelyke vlak was as die eksakte wetenskappe. Hulle baseer hierdie stelling op hulle bewering dat die fonetiese veranderinge aan net sulke konstante en onbreekbare wette as die natuurwette onderhewig is en dat die taak van die taalwetenskap dan is " - to trace back all the phenomena of human speech to this fundamental stratum : the phonetic laws which are necessary and admit to no exceptions."[1]

c. Moderne strukturalisme: Die moderne strukturalisme benader die probleem van 'n heel ander hoek. Ook hulle soek na 'n noodwendigheid, maar waar die vroeëre strukturalisme hierdie noodwendigheid kousaal gesien het, wil hulle dit liewer teleologies sien. Taal is vir hulle nie 'n saamvattende totaal van klanke en woorde nie, maar 'n sisteem met 'n innerlike verband wat nie verklaar kan word in terme van historiese of fisiese kousaliteit nie. Hulle sê dat die vroeëre onderskeid wat gemaak is tussen vorm en inhoud kunsmatig is, want taal is 'n onbreekbare eenheid; daarom stel hulle nie langer belang in die aard van klanke nie maar in hulle semantiese funksie. Waar die positiwistiese skole van die 19de eeu die fonetiek en semantiek as aparte studieterreine beskou het, met elkeen sy eie metode, beskou hierdie nuwe rigting fonetiek maar as deel van die semantiek.

Elke taal het 'n sisteem van foneme, van kenmerkende klanke. So 'n foneem is nie 'n fisiese eenheid nie maar 'n eenheid met betekenis. "It has been defined as a 'minimum-unit of distinctive sound-feature'. Among the gross acoustic features of any utterance there are certain features which are significant; for these are used to express differences of meaning whereas others are nondistinctive."[2] Uit die menigvuldigheid van moontlike klanke kies elke taal 'n beperkte aantal as foneme. Hierdie keuse word egter nie in die wilde gemaak nie want die foneme vorm saam 'n samehangende geheel. Die foneme kan herlei word na algemene tipes, na sekere fonetiese patrone. Dit skyn asof hierdie fonetiese patrone een van die mees kenmerkende eienskappe van taal is en dat elke taal die neiging openbaar om sy fonetiese patroon ongeskonde te hou. Wat nou juis die vorm of fonetiese patroon van 'n bepaalde taal is, is moeilik om te sê. Die oplossing, sê Cassirer, lê tussen twee uiterstes. As enersyds die aanvaarding van sulke fonetiese patrone beteken dat elke taal sy indivi-

42./ duele vorm .....

1. E.o.M.,124
2. Ibid, 125.

duele vorm het en dat dit nodeloos is om na gemeenskaplike kenmerke in die verskillende tale te soek, dan sou 'n taalfilosofie maar net 'n lugkasteel wees. Andersyds het die beskouing dat daar 'n definitiewe unieke sisteem van 'parts of speech' bestaan wat 'n vereiste is vir alle redelike taal en denke, 'n illusie blyk te wees.

Daar moet, sê Cassirer, tog gemeenskaplike eienskappe wees en die idee van 'n algemene grammatika wat op redelike beginsels gegrond word, is nie sonder sin nie; dit moet maar net op 'n nuwe wyse aangepak word."The idea of a general or philosophical grammar is, therefore, by no means invalidated by the progress of linguistic research, although we can no longer hope to realize such a grammar by the simple means that were employed in the former attempts."[1] Die menslike taal het 'n universeel logiese sowel as 'n sosiale taak; in sy laasgenoemde taak verskil dit in sy struktuur van taal tot taal. Om die rede mag ons nie 'n identiteit soek nie of na 'n een-duidige ooreenstemming tussen logiese en grammatiese 'vorme' nie, want elkeen het sy eie strukturele eenheid.

4. Cassirer se eie taalbeskouing.

a. Ondoeltreffenheid van bestaande benaderings: Uit die dwaalgange van bogaande twee benaderings, sê Cassirer, moet ons nou 'n weg probeer vind.

Die eerste benadering (histories-geneties, soos uiteengesit in 'Die oorsprong van taal') kan kortliks soos volg gestel word: Daar kan gepoog word om individuele idiome en verskeie linguistiese tipes op te spoor in hulle ontwikkeling uit 'n vorige, betreklike eenvoudige en vormlose stadium. Dit wil sê dat taal, voordat dit sy huidige vorm kon bereik, deur 'n stadium moes gaan waar daar geen bepaalde of sintaktiese of morfologiese vorme was nie. Taal sou dan bestaan het uit eenvoudige elemente en eensillabige wortels. Hierteenoor stel Cassirer: "We know of no language devoid of formal or structural elements, although the expression of formal relations, ... varies widely from language to language."[2] Taal sonder struktuur is 'n weerspreking in sigself. Selfs die primitiefste taal het 'n ingewikkelde struktuur en om te wil beweer dat taal ontwikkel het van 'n vormlose, verbandlose toestand na 'n struktureel georganiseerde is verkeerd.

Die tweede benadering (logiese sistematiese, soos uiteengesit in 'Die struktuur van taal') kan ook nie die probleem oplos nie. Alhoewel elke taal, modern of primitief 'n strukturele vorm het, kan die ontleding hiervan, hetsy vakwetenskaplik of wysgerig, nie die 'eenheid' van menslike taal verklaar nie. Die hoogste en enigste taak, sê Cassirer, van alle simboliese vorme en dus ook van taal, is om mense te verenig. Sonder spraak sou daar geen gemeenskap tussen mense wees nie en tog is daar geen groter hindernis in sodanige gemeenskap as juis die verskeidenheid van spraak nie. Hierdie verskeidenheid lê grotendeels in die verskeidenheid van struktuur.

b. Die taalproses en die funksie van taal: Die eenheid van 'n taal,

43./ as daar so 'n .......

1. E.o.M,, 128
2. Ibid, 129.

as daar so 'n eenheid is, kan nie in sy vorm of struktuur lê nie of, anders gestel, dit kan nie substansieel wees nie. Dit moet gesoek word in die funksie van taal. Dit is ook nie 'n formele of materiële eenheid nie, want die mees uiteenlopende tale vervul dieselfde funksie. Die groot saak is nie die groot verskeidenheid van middele nie maar in hoeverre 'n taal in die vervulling van sy taak slaag.

Hierdie funksie van taal is baie meer as net reproduktief - dit is eerder produktief en konstruktief. "It is not the 'work' of language but its 'energy' which is of paramount importance. In order to measure this energy one must study the linguistic process itself instead of analizing its outcome, its product, and final results."[1]

Omdat hierdie produktiewe en konstruktiewe funksie deel is van die orde- en sisteemskeppende funksie van die menslike gees, sou, sonder 'n insig in die ware aard van die menslike taal, ons kennis van die ontwikkeling van die menslike gees maar oppervlakkig en onvoldoende wees. Waarin, vra Cassirer, lê dan die fundamentele verskil tussen die geesteshouding van 'n sprakelose skepsel - 'n kind voordat hy praat of 'n dier - en van die volwassene wat volle beheer oor sy moedertaal het? Hy dui die antwoord aan deur die ontleding van drie voorbeelde.

Ten eerste neem hy die gevalle van Helen Keller en Laura Bridgman. In die ontleding van hierdie gevalle het dit duidelik geword dat daar 'n rewolusie in die lewe van die kind plaasvind wanneer hy vir die eerste keer tot insig kom van die simbolisme van taal en sy persoonlike en intellektuele lewe 'n totaal nuwe vorm aanneem.

Ten tweede ontleed hy die wyse waarop die normale kind 'n taal aanleer. In die eerste stadium openbaar die kind 'n emosionele houding en is die klanke wat hy maak gevoelsuitinge (interjections). Hierdie klanke gebruik hy in 'n mitiese sin deurdat hy deur middel daarvan sy omgewing wil beheers. Die woorde wat hy leer, leer hy op 'n subjektiewe klanknabootsende wyse. Sodra hy egter vir die eerste keer 'n insig verkry in die simbolisme van taal word hierdie subjektiewe toestand waarin hy verkeer in 'n objektiewe toestand omgevorm. Sy emosionele benadering van die werklikheid word dan omskep tot 'n teoretiese benadering."He is not satisfied with being taught in a purely receptive manner but takes an active share in the process of speech which is at the same time a process of progressive objectification."[2] Aan die einde van sy tweede lewensjaar ontwikkel die kind 'n mania om dinge te benoem en die name van dinge te vra. Hierdie aktiwiteit van die kind sou nie verklaarbaar wees as dit nie was dat die naam in die geestelike groei van die kind 'n uiters belangrike funksie moet vervul nie. As die kind wanneer hy leer om te praat, net 'n aantal woorde moes aanleer in die vorm van memorisering van arbitrêre en kunsmatige klanke, sou dit 'n suiwer meganiese proses wees. As dit so was sou dit seker gepaard gaan met weerstand, want dit is teenstrydig met sy biologiese behoeftes. Die feit dat die kind 'n honger vir name openbaar, bewys die teenoorgestelde. "By learning to name things the child does not simply add a list of artificial signs to his previous know-

44./ ledge of .........

1. E.o.M., 131
2. Ibid, 131 f.

ledge of readymade empirical objects. He learns rather to form the concepts of those objects, to come to terms with the objective world."[1] Sy vlugtige gewaarwordinge en vae gevoelens neem vorm aan en kristalliseer om die naam as 'n bestendige fokuspunt. Met behulp van die naam word sy buitewêreld vir hom duidelik en kry sy objekte gestalte. Taal is vir die kind die toegang tot 'n nuwe wêreld en sy gretigheid om te praat is dié gretigheid om 'n objektiewe wêreld te ontdek en te oorwin. "Here one can trace directly how humanity really attains its insight into objective reality only through the medium of its own activity and progressive differentiation of that activity; --- one cannot grasp the true nature and function of linguistic concepts if one regards them as copies, as representations of a definite world of facts, whose components are given to the human mind 'ab inito' in stark and seperate outlines. Again, the limits of things must first be posited, the outlines drawn, by the agency of language; and this is accomplished as man's activity becomes internally organized, and his conception of Being acquires a correspondingly clear and definite pattern."[2]

Ten derde ontleed hy die ondervinding wat die volwassene ondergaan by die aanleer van 'n nuwe taal. Die verwerwing van 'n woordeskat en abstrakte taalkundige reëls bring hom nie ver nie. Hy moet leer om te dink in die nuwe taal, wat vir die volwassene baie moeilik is omdat hy in sy reeds gevormde toestand van bewuste lewe baie moeilik die proses kan herhaal wat hy ondergaan het by sy eerste toetrede tot die wêreld van menslike taal naamlik die verwerwing van 'n begrip van die objektiewe wêreld. Sy waarnemings, intuïsies en begrippe het reeds saamgesmelt met die name en spraakvorme van die moedertaal. Om 'n vroemde taal dus doeltreffend aan te leer is dit nodig dat die verband gebreek word, wat reeds in die moedertaal gevorm is tussen woorde en dinge. As dan op hierdie wyse tot die gees van 'n nuwe taal deurgedring word, word by die volwassene die indruk geskep asof hy tot 'n nuwe wêreld met sy intellektuele struktuur toetree.

Soos ons reeds in hoofstuk vier hierbo aangetoon het, is die proses van naamgewing baie meer as net die verbinding van toevallige klanke met sekere dinge. Dan sou name niks meer wees as net "signals" nie. Naamgewing is deel van die proses van simboolskepping waarin daar "meaning" aan die wêreld van "being" toegeken word. In die bou van 'n taal bring die mens orde en betekenis in die wêreld waartoe hy toetree. Hierdie ordening word veral teweeggebring deur klassifisering, wat een van die fundamentele kenmerke van die menslike taal is. Die gee van name is afhanklik van so 'n proses van klassifikasie, want om 'n naam aan 'n ding of 'n objek of 'n handeling te gee is juis die plasing van so 'n objek of handeling onder 'n bepaalde klassebegrip. Hierdie neweskikking word egter nie voorgeskryf deur die aard van dinge nie, want dan sou dit uniek en uniform wees; dat dit nie die geval is nie word duidelik sodra ons die name in

45./ verskillende tale....

1. E.o.M., 132.
2. Cassirer: Language and Myth, 37.

verskillende tale ontleed. Die name word nie ontwerp om na substansiële dinge te verwys nie en hulle is ook nie onafhanklike eenhede wat op hulle self bestaan nie; hulle word eerder bepaal deur die belange en doelstellings van die mens. Die name word egter nie op toevallige wyse gegee nie want die naamgewing is gebaseer op konstante en herhalende elemente in ons sintuiglike ervaring en dit is juis in hierdie herhaling waarin die moontlikheid van ons taalbegrippe lê. Daar is egter geen vaste skema of plan waarvolgens uit sekere sintuiglike ervaring sekere elemente geneem word om die naam te gee nie, want die benaming gaan altyd gepaard met sekere verwysings wat vir die mens onder sy omstandighede van belang is. So verwys die Griekse naam vir maan (men) na die maan se funksie om tyd aan te dui en die Latynse naam (luna) na sy glans. In beide tale word dieselfde objek aangedui maar verskillende eienskappe beklemtoon. Die handeling self egter, die proses van kondensasie en konsentrasie is dieselfde. Die naam dui dus nie die wese van die ding aan nie - "it lays no claim on its nature."[1], maar sy funksie is beperk tot die beklemtoning van 'n sekere aspek. In vergelyking met wetenskaplike begrippe is die name baie vaag en dikwels onlogies; tog is hulle belangrike mylpale op die pad wat na die begrippe lei, want die gee van name is tog immers die resultaat van 'n konstruktiewe intellektuele inspanning wat tot die mens se eerste wêreldbeskouing lei.

Die ontwikkeling vanaf hierdie eenvoudige, konkrete begin tot die hoër vlakke van abstraksie is 'n lang en moeisame weg en die ontleding van taal dui die aard van die geestesprosesse aan wat hierdie ontwikkeling moet vergesél. Wat vir die name van dinge geld, geld ook vir kwaliteite en ook vir die kategorieë van getalle - hul moet ook maar die lang pad volg van ontwikkeling van konkrete na abstrakte.

5. Samevatting: Volgens Cassirer kan ons die mens omskrywe as 'n simboolskeppende wese. Dit is hierdie simboliese funksie wat die mens in staat stel om taal en kultuur te skep en hom sodoende te laat toetree tot 'n nuwe dimensie van werklikheid, wat vir die dier gesluit is. Hierdie simboliese funksie van taal is 'n oerverskynsel wat nie kousaal of geneties verklaar kan word nie. 'n Krisis het in die intellektuele en sedelike lewe van die mens gekom, toe hy tot die besef kom dat die 'natuur' nie sy taal verstaan nie. Van toe af is die magiese funksie van die woord vervang deur die semantiese. Dit is ook eers wanneer die kind tot insig kom dat woorde betekenis het, dit wil sê simbole is, dat hy taal kan verstaan en gebruik. Hy kan nou deur middel van taal toetree tot die sprekende gemeenskap en 'n insig verkry in 'n objektiewe wêreld waarin hy leef. In hierdie wêreld het taal 'n sosiale taak om te vervul en dit pas by die besondere kulturele omstandighede van die gemeenskap aan. In die aanvang het hierdie simbole betrekking op konkrete, besondere dinge maar met die ontwikkeling van die mens word hierdie funksie meer abstrak en algemeen. Ook hier is die ontwikkeling van "the world of being" na "the world of meaning". Daar is dus 'n evolusionistiese proses van ontwikkeling van die

46./ mitiese tot die ......

1. E.o.M., 134.

mitiese tot die logiese funksie van taal.

Die taalsimbole moet ook nie gesien word as verteenwoordigend of verwysend na 'n objektiewe werklikheid buite hulle self nie. Ook hierdie simbole skep of bepaal orde in die werklikheid en daarvolgens pas die mens hom by die werklikheid aan. Mite, logika, metafisika, wetenskap, ens, is gewortel in die simboliese aktiwiteit van taal op verskillende stadia van sy ontwikkeling, en taal is sodoende primêr aan al die mens se kulturele uitdrukkingsvorme.

"Word and mythic image, which once confronted the human mind as hard realistic powers ... have become a light, bright ether in which the spirit can move without let or hindrance. This liberation is achieved not because the mind throws aside the sensuous forms of word and image, but in that it uses them both as organs of its own, and thereby recognizes them for what they really are ; forms of its own self-revelation."[1]

HOOFSTUK 7 KUNS

1. Inleiding. Alhoewel die skepping en genieting van skoonheid 'n onmiskenbare deel van die menslike ervaring is, het die filosofiese denke dit tot in betreklik moderne tye ondergeskik aan ander beginsels geplaas. Die beginsel van skoonheid word ondergeskik aan òf die logiese òf die sedelike geplaas. In die eerste geval word daar gesoek na die logika van die verbeelding om dit te onderskei van die logika van die denke en sodoende moet dit ondergeskikte plek inneem. In die laaste geval word dit beskou as 'n allegorie, 'n figuurlike uitdrukking, wat in sy sintuiglike vorm 'n sedelike sin verberg. "In the hierarchy of human knowledge and of human life art was only a preparatory stage, a subordinate and subservient means pointing to some higher end."[2] Dit was Kant wat die eerste gevra het na die outonomie van kuns en ook oortuigende bewys daarvan gelewer het. Net soos die taalfilosofie skommel die kunsfilosofie heen en weer tussen objektiewe en subjektiewe werklikheidsvertolkings.

2. Die subjektiewe en objektiewe pole van kuns.

a. Kuns as nabootsing: Nabootsing is een van die fundamentele instinkte van die mens en openbaar hom reeds in die vroegste kinderjare; dit verskaf steeds genot alhoewel die nabootsing soms van pynlike en vreesaanjaende dinge is. Die kuns van die mens is dan, volgens hierdie beskouing, die resultaat van sy neiging tot nabootsing en is van toepassing op al die kunsvorme. Die plastiese kunste is die nabootsing van die dinge wat die mens sien, musiek van die dinge wat mens hoor, die dans stel die mens se karakter, dade en emosies voor en die poësie is 'n pratende prent.

Hierdie beskouing dat kuns nabootsing is bedoel egter nie dat dit 'n bloot meganiese weergawe van die werklikheid is of moet wees nie - dit is die objektiewe pool. Dit moet ook voorsiening maak vir die skeppingsvermoë van die kunstenaar - die subjektiewe pool.

Alle kunsbeskouings moet beide hierdie pole in ag neem. As nabootsing die ware strewe van kuns sou wees, dan sou die skeppende mag van die kuns-

47./ tenaar 'n steurende ....

1. Cassirer: L.a.M., 99
2. E.o.M., 137.